| | |
|---|---|
| *VERSLAGWAARDIG* | *JA/NEE* |
| *SIRKULEER ONDER REGTERS* | *JA/NEE* |
| *SIRKULEER ONDER LANDDROSTE* | *JA/NEE* |

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA (NOORD-KAAPSE AFDELING)

***KIMBERLEY***
***SAAK NO.: CA&R /200***
***DATUM GELEWER:23-06-2006***

In die Appél van:

PROMISE THEBE APPELLANT

teen

DIE STAAT RESPONDENT

**CORAM: C C WILLIAMS R et J G VAN NIEKERK WnR:**

# *UITSPRAAK*

**WILLIAMS R:**

1. Die appellant is op 25 Maart 2003 in die Streekhof te Kimberley skuldig bevind op ‘n aanklag van roof met verswarende omstandighede en is gevonnis tot 7 jaar gevangenisstraf. Hy kom nou in hoër beroep teen die skuldigbevinding en vonnis hom opgelê.

2. Die appellant, beskuldigde 1 in die verhoor, het met drie ander mans tereg gestaan op hierdie aanklag. Die saak vanaf

Staatsweë is dat die appellant en sy medebeskuldigdes vir die klaer, mnr. James Piet beroof het van R17, 00 kontant, ‘n selfoon en piesangs terwyl hy gedreig is met ‘n vuurwapen.

3. Die appellant was regsverteenwoordig met die verhoor en het onskuldig gepleit tot die aanklag en sy swygreg uitgeoefen.

4. Die klaer se getuienis is dat hy die betrokke dag van die werk af geloop het toe die appellant, wat in ‘n rystoel was, hom nader geroep het en R2,00 gevra het. Hy het die geld uit sy broeksak gehaal en toe hy sy kop oplig het hy gesien hoe beskuldigde 4 ‘n vuurwapen tussen die appellant se bene uithaal en dit op hom rig. Die appellant het toe die klaer se sakke deursoek en ‘n beursie bevattende R17,00 sowel as ‘n selfoon vanaf die klaer geneem. Beskuldigde 3 wat intussen op die toneel aangekom het, het die klaer se piesangs afgevat. Toe die klaer teëstribbel het beskuldigde 3 vir beskuldigde 4 aangesê om hom te skiet. Die appellant het egter tussenbeide getreë en die klaer beveel om te loop en nie terug te kyk nie.

5. Die appellant en beskuldigdes 2 en 3 is nog op dieselfde dag deur die klaer aan die polisie uitgewys waar hulle by ‘n taverne verkeer het en is gearresteer. Beskuldigdde 4 is ongeveer ses dae later arresteer.

6. Die appellant ontken nie dat hy op die toneel teenwoordig was of dat hy geld gevra het by die klaer nie. In stellings gemaak gedurende kruisondervraging van die klaer deur die appellant se regsverteenwoordiger, is die appellant se weergawe voorgehou as sou hy voor die voorval die vuurwapen vanaf beskuldigde 4 geneem het aangesien beskuldigde 4 onder die invloed van drank was en onverskillig daarmee opgetree het. Sy prokurureur gaan voort en maak die volgende stellings aan die klaer:

> "Ek gaan nou vir u vertel wat gebeur het en u moet nou mooi luister. Beskuldigde 4 het die wapen by beskuldigde 1 onder hom uitgehaal met sy hand. U het op hierdie stadium u beursie in u hand gehad waaruit u die R2.00 gehaal het vir Beskuldigde 1 en op daardie stadium toe rig Beskuldigde 4 die wapen op , u beursie is oop, hy vat die beursie by u en hy gee die beursie vir nommer 1. U kan later vir my sê as ek verkeerd is. - - - Dit is nie so nie.
>
> *Beskuldigde 1 kyk na die beursie. Hy maak die opmerking dat u baie bankkaarte in hierdie beursie het en hy sien dat daar R3.00 in die beursie is - - - Dit is nie die waarhied nie.*

*Hy maak hierdie beursie toe en hy handig die beursie aan u terug. - - - Dit is nie die waarheid nie.*

> *Beskuldigde 1 het geen bedoeling gehad om die beursie by u te steel nie. Verder het Beskuldigde 4 u sakke toe visenteer – deurgekyk en in u sak het hy die selfoon gevind. - - - Nee dit is nie so nie.*

*En Beskuldigde 4 het die selfoon toe by hom gehou. Wat is u kommentaar daarop? - - - Dit is nie die waarheid nie. Nommer 1 het sy hande in my broeksakke gedruk, toe het hy vir my visenteer.*

> *Nommer 4 het net met die vuurwapen gewys.*
>
> *En dit is toe op daardie stadium wat Beskuldigde 3 die piesangs by u wil hê? - - - Ja, dit is reg"*

7. Toe die appellant egter self getuienis aflê ontken hy dat beskuldigde 4 ooit op die toneel was en dig die handelinge van beskuldigde 4, soos gestel deur sy regsverteenwoordiger, aan iemand met die naam van *"Jomo"* toe. Ter verduideliking van hierdie ongerymdheid stel die appellant gedurende

kruisondervraging voor dat sy regsverteenwoordiger beskuldigde 4 voorgehou het as die persoon met die vuurwapen aangesien hy op die klaer se weergawe reageer het en nie omdat dit sy instruksies was nie.

8. Dit is egter insiggewend dat beskuldigde 3 in sy getuienis ook verwys na beskuldigde 4 wat deel van die groep op die toneel was en verdermeer dat die klaer se selfoon ‘n paar dae na die insident deur beskuldigde 4 aan een van die staatgetueis me. Mildred Moloko, oorhandig is vir bewaring.

9. Die appellant se weergawe van beskuldigde 4 se betrokkenheid al dan nie by die toneel is egter nie die enigste ongerymdheid in sy weergawe nie.

10. Ook strydig met stellings gemaak deur sy prokureur aan die klaer, getuig die appellant dat *“Jomo”* die klaer se beursie gevat het, vir die appellant gegee het en hom beveel het om al die geld daaruit te neem wat in die omgewing van R15, 00 tot R17, 00 was. Die appellant se getuienis is dat hy gehoor gegee het aan *“Jomo”* se bevele uit vrees vir hom aangesien hy die vuurwapen in sy hande gehad het. Tog het hierdie *“Jomo”* na die voorval, op die appellant se eie getuienis, sonder om te murmereer weer sy vuurwapen vir die appellant gegee om te hou. Die klaer se geld, blyk dit, is later gebruik om bier te koop

by die taverne waar die eerste drie beskuldigdes uitgeken is deur die klaer.

11. Die verhoorhof het bevind dat die appellant ‘n uit en uit leuenagtige getuie was wat *“besluit het om sy perde om te swaai en ‘n ander weergawe aan die Hof te hou”* na sluiting van die Staatsaak en hiermee kan ek nie anders as saamstem nie.

12. Die klaer het hierteenoor ‘n gunstige indruk gemaak op die verhoorhof. Alhoewel ‘n enkelgetuie is daar talle waarborge vir die betroubaarheid van sy weergawe, onder andere dat hy die appellant en beskuldigdes 2 en 3 kort na die voorval uitgewys het aan die polisie; dat die appellant hom self op die toneel plaas alhoewel in ‘n afgewaterde rol; dat hy geen rede het om die appellant te impliseer nie en dat die selfoon op ‘n stadium na die voorval in besit van beskuldigde 4 was. Die leuenagtigheid van die appellant versterk ook natuurlik die weergawe van die klaer.

13. Na my mening het die Staat daarin geslaag om sy saak teen die appellant bo redelike twyfel te bewys en is daar geen meriete in die appél teen skuldigbevinding nie. Die appellant het nie net die misdryf fasiliteer nie maar het ook aktief deelgeneem en was boonop heeltemal gewillig om deel te hê aan die vrugte van die roof.

14. Wat die appél teen vonnis betref maak mnr. Fourie wat namens die appellant optree geen submissies nie en heeltemal tereg ook so. Die appellant, wat 28 jaar oud was met vonnisoplegging, is nie ‘n eerste oortreder nie, inteendeel is hy in die verlede skuldig bevind aan huisbraak met die opset om te steel en diefstal sowel as strafbare manslag. As eerste oortreder tot hierdie onderhawige misdryf het die appellant in terme van Wet 105 van 1997 gevangenisstraf van minstens 15 jaar in die oë gestaar, maar het die verhoorhof hom genadiglik behandel deur te bevind dat daar dwingende en wesenlike omstandighede teenwoordig was wat ‘n ligter vonnis regverdig. Daar is na my mening geen basis waarop ‘n hof van appél kan inmeng met die opgelegde vonnis nie.

**Die volgende bevel word gemaak:**

**Die appél teen skuldigbevinding en vonnis word van die hand gewys.**

C C WILLIAMS
REGTER

Ek stem saam.

____________________________

J G VAN NIEKERK
WAARNEMENDE REGTER

| | |
|---|---|
| Nms. Appellant: | Adv. Fourie, Regshulpraad |
| Nms. Respondent: | Adv.<br>Kantoor van die Direkteur van Openbare Vervolgings, Noord-Kaap |